HILLANDALE ROLBALKLUB

DISSIPLINÊRE GEDRAGSKODE VIR LEDE

(Bylaag A tot die grondwet)

Hierdie kode dien as ‘n basiese bestuursriglyn ten einde regverdige dissipline te verseker. Die voorgestelde dissiplinêre aksie ten opsigte van die verskillende oortredings is onder normale omstandighede van toepassing. Dit is egter uiters belangrik dat elke geval op sy eie meriete hanteer word. Alle vorige waarskuwings wat nog nie verstryk het nie, sal akkummuleer.

Indien ‘n spesifieke oortreding nie in die Dissiplinêre Kode behandel word nie, behou die Uitvoerende Bestuur van die klub (voortaan slegs na verwys as die UB) die reg voor om ‘n toepaslike dissiplinêre aksie in die geval van sodanige oortreding te neem.

Die volgende aspekte word as oortredings beskou, naamlik:

1	Nie-nakoming van die reëls van die spel, soos vervat in die SA Rolbal Reëlboek van 1 Oktober 2014, asook die etiket van Rolbal Suid-Afrika.	
2.	Nie-nakoming van Rolbal SA se gedragskode	
3.	Nie-nakoming of oortreding van die rolbalklub se interne reëls en regulasies soos gesirkuleer. (Sien ook kennisgewingbord)	
4.	Elke lid moet die reëls respekteer en deelneem in die gees van die spel	
5.	Elke lid moet ‘n hoë standaard gedrag handhaaf en bydra tot die bevordering van ‘n positiewe voorbeeld vir die sport	
6.	Elke lid moet ander lede en beamptes respekteer.	
7.	Elke lid moet die fasiliteite en toerusting gebruik soos voorgeskryf.	
8.	Elke lid moet die gesag en besluite van wedstrydbeamptes en ander gesag-strukture aanvaar.	

9.	Geen lid mag hom/haar skuldig maak aan ernstige beledigende-, vloek-, of skeltaal teenoor ander persone, hetsy opponente of lede van die publiek nie	
10.	Geen lid mag hom/haar skuldig maak aan intimidasie, vernederende opmerkings, beskuldigings of enige vorm van diskriminasie nie.	
11.	Geen lid mag versuim om enige skade aan die klub se eiendom waarby die lid direk of indirek betrokke is, by ‘n bestuurslid aan te meld nie.	
12.	Geen lid mag hom/haar skuldig maak aan die nie-nakoming van veiligheidsregulasies en enige ander wetlike of interne regulasie met betrekking tot die veiligheid van persone en lede, asook enige onveilige optrede wat persone en lede in gevaar stel.	
13.	Geen lid mag versuim om enige redelike diensbeurt uit te voer wat amptelik deur ‘n gevolmagtigde persoon uitgereik is.	
14.	Geen lid mag hom/haar skuldig maak aan bakleiery op klub se perseel nie.	
15.	Die gebruik van enige vorm van verbode stimulante soos dwelmmiddels of ongemagtigde besit daarvan word nie op die perseel (klub & baan) toegelaat nie.	
16.	Geen lid mag hom/haar skuldig maak aan die aanhitsing van ander lede nie.	
17.	Geen lid mag hom/haar skuldig maak aan die weerhouding van belangrike inligting soos die rapportering van ongewensde/kroek spel nie.	
18.	Geen lid mag hom/haar skuldig maak aan bedrog, vervalsing of diefstal nie.	
119.	Geen lid mag hom/haar skuldig maak aan die ongemagtigde bestuur, beheer of hantering van die klub se toerusting nie.	
20.	Geen lid mag hom/haar skuldig maak aan die opsetlike beskadiging van lede se eiendom; of die eiendom van enige ander persoon nie.	
21.	Geen lid mag hom/haar skuldig maak aan seksuele teistering soos vervat in Rolbal SA se beleidsdokument nie.	
22.	Geen lid mag hom/haar skuldig maak aan die aanranding van enige lid of persoon nie.	
23.	Geen lid mag hom/haar skuldig maak aan enige vorm van rassisme nie.	
24.	Geen lid se gedrag moet van so ‘n aard wees dat dit die klub se goeie naam in oneer bring nie.	

DISSIPLINÊRE PROSEDURE

1. DOELSTELLING

Die handleiding van orde en die toepassing van dissipline is ‘n voorvereiste vir doeltreffende bestuur. Binne ‘n organisasie moet ‘n stelsel van gedragsreëls bestaan waarteen dissipline geëvalueer kan word. Die doelstelling van hierdie dissiplinêre kode is dus om te verseker dat die **rolbalklub** se doelwitte op ‘n ordelike wyse bereik word en dat voorkomende en korrektiewe aksies geneem word ten einde goeie lidmaatskap te bevorder. Daarvoor is ‘n gedragskode binne ‘n organisasie nodig en moet die bestuur verseker dat alle lede op ‘n eenvormige en konsekwente wyse behandel word.

1.1 Algemene Beleid

1.1.1 ‘n Dissiplinêre aksie moet so spoedig, as wat redelikerwys moontlik is, na die beweerde oortreding onder die aandag van die UB kom, om, indien nodig, ingestel te word. (Verkieslik binne 7 werksdae)

1.1.2 Korrektiewe maatreëls wat in die normale loop van lidmaatskap geneem word, word nie as mondelinge waarskuwings in terme van die Dissiplinêre Kode beskou nie. Mondelingse waarskuwings word slegs opgelê waar oortredings ernstig genoeg is om ‘n aanmaning te regverdig.

1.1.3 Dissipline akkumuleer van oortreding tot oortreding, ongeag die tipe oortreding – anders kan ‘n lid ‘n aansienlike getal oortredings begaan en elke keer slegs ‘n waarskuwing kry.

1.1.4 Elke saak word volgens die unieke omstandighede en die meriete van die saak hanteer. Die Dissiplinêre Kode dien slegs as ‘n riglyn vir regverdige dissipline – dit is dus onnodig om alle stappe in die Kode tot die letter toe te pas.

1.1.5 ‘n Lid kan nie van lidmaatskap ontneem word sonder dat ‘n dissiplinêre verhoor plaasgevind het nie, tensy hy/sy self sodanige reg weier, of sonder goeie rede afwesig is van die verhoor.

1.1.6 Die lid kan deur ‘n ander klublid verteenwoordig word. Die reg tot verteenwoordiging sluit verteenwoordiging deur ‘n regspraktisyn (prokureur of advokaat) of konsultant uit.

2. DISSIPLINÊRE OPTREDES

Die volgende fases van optrede kan toegepas word in die geval van oortredings soos in die Dissiplinêre Kode uiteengesit.

2.1 Mondelinge waarskuwing

2.1.1 Word aan lid uitgereik ten opsigte van oortredings wat van ‘n minder ernstige aard is.

2.1.2 Die UB stel dit duidelik aan die lid dat die waarskuwing die eerste stap in die dissiplinêre prosedure is. Die waarskuwing word tydens die private gesprek uitgereik en sal deur die UB vir rekorddoeleindes aangeteken word.

(Sien bylae: Uitslag van verhoor)

2.2 Skriftelike Waarskuwing

2.2.1 ‘n Skriftelike waarskuwing kan deur die UB aan ‘n lid gegee word. ‘n Skriftelike waarskuwing word gegee wanneer ‘n mondelinge waarskuwing geïgnoreer word of wanneer die oortreding van ‘n meer ernstige aard is.

2.2.2 ‘n Skriftelike waarskuwing moet op die klub se amptelike briefhoof of uitslag van verhoorvorm gegee word en moet al die tersaaklike inligting ten opsigte van die beweerde oortreding bevat.

(**Sien bylae: Uitslag van verhoor)**

2.2.3 Die beweerde oortreding, en die toepaslike sanksie sal met die lid bespreek word voordat die skriftelike waarskuwing uitgereik word. ‘n Lid is geregtig om deur ‘n voltydse lid van die klub verteenwoordig te word tydens die gesprek.

2.2.4 Die oorspronklike waarskuwing moet persoonlik aan die lid oorhandig word of indien nie moontlik nie, per epos aan hom/haar gestuur word.

2.3 Finale skriftelike waarskuwing

2.3.1 In die geval van ‘n ernstige oortreding of wanneer ‘n lid dieselfde of soortgelyke oortreding begaan, kan ‘n finale skriftelike waarskuwing deur die UB aan ‘n lid gegee word. Vorige waarskuwings en aksies kan as bewyse van vorige dissiplinêre aksies gebruik word.

2.3.2 Dit moet duidelik in die waarskuwing gemeld word dat dit ‘n finale skriftelike waarskuwing is en dat ‘n verdere soortgelyke oortreding tot skorsing kan lei.

2.3.3 Die bepalings van paragrawe 2.2.2, 2.2.3 en 2.2.4 is ook op ‘n finale skriftelike waarskuwing van toepassing.

2.3.4 ‘n Finale skriftelike waarskuwing is geldig vir twaalf (12) maande vanaf die uitreikingsdatum.

2.4 **Alternatief tot skorsing/beëindiging van lidmaatskap**

2.4.1 As alternatief tot beëindiging van lidmaatskap, kan oorweging geskenk word aan enige alternatiewe dissiplinêre optrede op diskresie van die UB, welke alternatiewe optrede insluit, maar nie beperk is tot:

- verlies van sommige voordele; of
- tydelike skorsing van lidmaatskap.

2.4.2 ‘n Alternatiewe dissiplinêre optrede sal slegs op die oordeel van die UB opgelê word en met skriftelike instemming van die lid. Indien die lid nie die alternatiewe optrede aanvaar nie, sal skorsing in werking tree.

2.5 **Beëindiging van lidmaatskap**

2.5.1 Alvorens ‘n beëindiging van lidmaatskap opgelê word, moet daar eers met die lid oorleg gepleeg word.

2.5.2 ‘n Lid se lidmaatskap kan in sekere gevalle summier beëindig word (ongeag of die lid vorige waarskuwings ontvang het, al dan nie).

2.5.3 In minder ernstige gevalle kan beëindiging van lidmaatskap met kennisgewing geskied.

2.5.4 Die finale besluit berus by die voorsitter van die dissiplinêre verhoor. Indien die lid ontevrede is met die besluit kan ‘n lid appèl aanteken na die UB.

2.6 **Appél deur ‘n lid**

2.6.1 Die appél moet:

2.6.1.1 binne 7 dae nadat die sanksie deur die voorsitter van die dissiplinêre verhoor gegee is skriftelik by die UB ingehandig word.

2.6.1. 2 duidelike redes vir die appél moet aangevoer word.

2.6.2 Die UB moet:

2.6.2.1 die appél oorweeg; en

2.6.2.2 die appél bekragtig of ter syde stel.

2.7. **Vrywillige bedanking as lid van die klub:**

Wanneer ‘n lid van die klub, weens persoonlike of ander redes as lid van die klub bedank, moet die bedanking skriftelik (epos, WhattsApp, Sms) geskied. Die volgende reëls geld tydens die vrywillige bedanking van lede, nl.

2.7.1. Die bedanking sal onmiddelik in werking tree. Die UB kan die datum soos deur die lid versoek, as finale datum van beëindiging van lidmaatskap, oorweeg.

2.7.2. Die lid kan nie die bedanking eensydig, sonder die toestemming van die UB, terugtrek nie.

2.7.3. Indien die lid weer as klublid erken wil word, word die lid weer onderwerp aan die normale keuringsprosedure van die klub. Met ander woorde, die name verskyn op die bord, vir die goedkeuring of afkeuring deur die lede van die klub.

2.7.4. Die klublid sal so spoedig moontlik van die UB se besluit in kennis gestel word.

3. RIGLYNE VIR DIE UITVOERENDE BESTUUR

Die volgende riglyne vorm nie deel van die Dissiplinêre Prosedure nie, maar dien as ‘n bestuurshulpmiddel om regverdige en billike dissipline te verseker.

3.1 **Voor die dissiplinêre verhoor:**

3.1.1 Ondersoek die saak en maak seker dat dissiplinêre optrede wel nodig is.

3.1.2 Lig die lid skriftelik in dat daar ‘n dissiplinêre verhoor gaan wees. (Sien BYLAE: KENNIS VAN VERHOOR). Die memorandum moet die volgende inligting bevestig:

- Die plek, datum en tyd van verhoor.
- Die aard van die oortreding wat die datum en plek daarvan insluit.
- Die reg tot verteenwoordiging.
- Die reg om sy saak te stel.
- Die reg om getuienis te lewer.
- Die reg om getuies te roep.
- Die reg om getuies deur die UB geroep, te ondervra.
- Die teenwoordigheid van ‘n tolk kan aangevra word, maar dit moet vooraf met die UB gereël word.

3.1.3 Verseker dat die lid voldoende tyd gegun word om sy saak voor te berei (twee dae is voldoende).

3.1.4 Verseker dat volledige verklarings van alle betrokke partye verkry word in komplekse gevalle.

3.1.5 Indien:

3.1.5.1 die oortreding ernstig van aard is en potensieel ‘n vertrouensbreuk inhou;

3.1.5.2 die lid se teenwoordigheid onrus by die klub kan aanstook;

3.1.5.3 die lid mag inmeng met die ondersoek;

mag hy/sy tydelik van lidmaatskap geskors word hangende die dissiplinêre verhoor.

3.2 Tydens die dissiplinêre verhoor

3.2.1 Verseker dat alle betrokke partye behoorlik voorgestel word.

3.2.2 Verseker dat die aard van die oortreding asook sy regte tydens die verhoor aan die lid duidelik word.

3.2.3 Verseker dat die lid se pleit genotuleer word; byvoorbeeld skuldig of onskuldig.

3.2.4 Verseker dat alle getuies van die lid geroep word om te getuig. Die lid of sy verteenwoordiger mag vrae vra aan die getuies van die UB.

3.2.5 Laat die lid sy saak stel, en/of sy getuies roep. Die UB se verteenwoordiging kan sodanige getuies ondervra.

3.2.6 Notuleer al die getuienis.

3.2.7 Bevestig dat alle relevante getuienis gelewer is.

3.2.8 **Verdaag die verhoor om te besluit of die lid skuldig of onskuldig is aan die hand van getuienis gelewer. Skenk onder andere aandag aan die vraag of daar 'n reël/standaard in die klub bestaan wat die klublid se gedrag verbied, of die reël/standaard billik/wettig is en/of die lid bewus was van die reël/standaard of redelikerwys daarvan bewus moes gewees het.**

3.2.9 Indien die lid onskuldig is, eindig die verhoor.

3.2.10 Indien die lid skuldig is, word die partye geleentheid gebied om versagtende/verswarende getuienis te lewer. Die beweerde oortreder getuig onder andere oor sy persoonlike omstandighede, lidmaatskap rekord, dissiplinêre rekord en die UB se konsekwentheid in die hantering van vorige soortgelyke oortredings. Die UB se verteenwoordiger getuig onder andere oor die invloed van die oortreding op die klub en lede, soos risiko's wat dit inhou en die invloed daarvan op die vertrouensverhouding, die lid se dissiplinêre rekord.

3.2.11 Besluit op 'n gepaste dissiplinêre optrede ingevolge die Dissiplinêre Kode **(Sien bylae: Dissiplinêre kode)** deur onder andere oorweging te skenk aan watter dissiplinêre optrede by die oortreding pas; of die dissiplinêre optrede billik is; die persoonlike omstandighede van die lid; en betrokke versagtende/verswarende omstandighede soos dissiplinêre- en lidmaatskaprekord en of die dissiplinêre optrede konsekwent in ander soortgelyke sake toegepas is, in ag genome die meriete van die betrokke saak.

3.2.12 Stel die lid skriftelik in kennis van die bevinding en dissiplinêre optrede teen hom en verskaf redes daarvoor.

****

BYLAE: KENNIS VAN VERHOOR

KENNIS VAN DISSIPLINÊRE VERHOOR

A. **PERSOONLIKE BESONDERHEDE VAN LID**

Naam: _____

Van: _____

Besonderhede van oortreding (sluit datum, tyd en plek in):

_____
_____
_____

B. **REËLINGS VIR DISSIPLINÊRE VERHOOR**

Na aanleiding van die beweerde oortreding(s) soos hierbo uiteengesit, sal 'n dissiplinêre verhoor plaasvind om _____ op _____ Mnr./Mev. _____ sal as Voorsitter optree.

Tydens die verhoor het u die reg om deur 'n mede-lid bygestaan te word. 'n tolk indien u so sou verlang. (In welke geval u reëlings daarvoor moet tref en die reg om getuienis te lewer en getuies te roep.)

Handtekening:_____ Datum: _____

van Voorsitter vd dissiplinêre komitee

Handtekening: _____ Datum: _____

van lid of getuie vir ontvangs

BYLAE: UITSLAG VAN VERHOOR

UITSLAG VAN DISSIPLINÊRE VERHOOR

_____

A. **PERSOONLIKE BESONDERHEDE VAN LID**

Naam: _____

Van: _____

B. **BESLISSING DISSIPLINÊRE OPTREDE EN REDES**

Met verwysing na die dissiplinêre verhoor gehou op _____

Beslis ek soos volg:

_____
_____
_____
_____

_____

C. DIE REG TOT APPÉL

Soos mondelings aan u meegedeel op _____ kan u, indien u nie met hierdie beslissing tevrede is nie, binne vyf (5) dae na datum van hierdie skrywe appél aanteken.

Handtekening:_____ Datum: _____
van voorsitter

Handtekening: _____ Datum: _____
van lid of getuie vir ontvangs

Nota: Plaas ‘n afskrif van al hierdie dokumente op die klublid se lêer.

****